



Gesinne in Harmonie

Volume 19, November 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Liewe Ouers,

Heel eerste vra ek om verskoning vir die gebrek aan 'n brief in Oktober.

Tweedens: Ons het besluit om die gemeente se kenteken (logo) op al ons skrywes in te sluit, dus sal dit van nou af saam met die gesinslogo ook ingesluit wees soos hierbo.

Nou ja, hierdie maand gesels ons 'n bietjie oor hierdie teken: **"In geval van nood, breek die glas!"**

Gewoonlik is dit geskryf op 'n boksie of ander tipe houer waarin 'n sleutel of noodknop of selfs 'n soort hamertjie gesit is. Hierdie is 'n baie belangrike klein boksie of houer, want dit kan in 'n noodtoestand die verskil tussen lewe en dood beteken.

Daar is baie dinge in ons lewens wat ons in soortgelyke boksies of houters weg bêre en net tydens 'n noodgeval uithaal. Dink maar aan waar jy die beginsels wat jy by jou ouers geleer het, weggepak het of sommer net ander 'goeie gewoontes' wat jy iewers afgeleer het, soos -

- ♦ om altyd om 'n gedekte tafel aan te sit en as gesin saam te eet
- ♦ om tyd vir jou man of vrou te maak
- ♦ dat Sondag bedoel is vir 'n rusdag
- ♦ om saam as gesin Bybelstudie te doen of selfs nog om die tafel na ete Boekevat te hou
- ♦ dat die kinders saans vir Pa en Ma kom nagsê met 'n druk of 'n soen
- ♦ om die kinders respek vir ander en goeie maniere te leer en dit af te dwing!

Baie van hierdie dinge is nou in houters gepak waarop geskryf staan "In geval van nood, breek glas!" en dikwels is die houters ook nog op die verste punt van die gang weggepak...

Net soos wat die glashouer met die brandtrap se sleutel dikwels eers gebreek word as die vlamme al die vloer rondom die trap verteer, is dit dikwels reeds te laat vir die herstel van verhoudings teen die tyd dat daar aan die noodboksie gedink word.

Hoe later die glas van die noodboksie gebreek word, hoe groter is die herstelwerk wat voorlê.

Mag jy hierdie maand bewus raak van die gevaartekens wat in jou gesins- en huwelikslewe flikker, sodat jy iets daaraan kan doen voordat dit in 'n noodtoestand ontaard. Gaan stof weer 'n bietjie jou huweliksbelofte af of die doopbelofte wat jy afgelê het met die doop van elkeen van jou kinders en kom dit na!

Hou jou oë op Christus gerig vir hulp en nie op die noodboksie aan die einde van die gang nie!

Saam in Sy diens,

Lita

Notas vir die yskas

Kleuterkerk en Junior Kategese

08:50—10:15 in Kerksaal

- ♦ 4 November - Werkswinkel
- ♦ 11 November - Gesinne in Harmonie-diens; kinders saam met hul ouers in kerk
- ♦ 18 November - Afsluiting in die saal
- ♦ 25 November - Kerssangdiens; kinders tree op

Moenie vergeet van ons Kersdagfeesviering op 25 November nie!

Manne-Oase

Hou die Rietnuus Sondag dop vir aankondigings - daar word een maal 'n kwartaal 'n samekoms spesiaal vir ons manne gereël.

Kontak **Pieter Malan** (details op die agterblad)

Moot Care Sentrum

Louwna Bouwer

Telefoonnommer:

3300632 of 071 480 1178

Epos: moot-care@vodamail.co.za

Webblad:

www.mootcare.co.za



Ons is nou ook op Twitter en Facebook!

Twitter:

Volg ons by @ngrietsuid.

Facebook:

Haak in by ons op

www.facebook.com/pages/ng-gemeente-rietfontein-suid

Die Riet

NG Rietfontein-Suid se elektroniese nuusbrief wat daarop gemik is om gemeentelêde in kennis te stel van gebeure deur die loop van die maand, belangrike onderwerpe, en algemene inligting.

Om in te teken, stuur 'n epos na:

kommunikasie@rietfontein-suid.ng.org.za



Gesinne in Harmonie

Volume 19, November 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



'n Nuwe belofte

(Deur Gretha Wiid in haar boek: *Boosters & busters vir 'n gelukkige huwelik*)

In die September 2010 uitgawe van FINESSSE, vind ek 'n pragtige artikel genaamd "Bou of Breek jy jou Huwelik?". (Soms is dit die moeite werd om ou tydskrifte maar nog 'n rukkie te hou - vir daardie "Eendag" wanneer jy iets spesifiek soek en dan somer op 'n hele klomp ander goed afkom wat jy al vergeet het!)

Die artikel handel oor 'n verskeidenheid dinge ten opsigte van die huwelik en natuurlik oor die spesifieke boek wat Gretha oor die huwelik geskryf het. Wat my die meeste getref het, is die nuwe belofte wat Gretha aan die einde van haar boek gee en wat deur egpare afgelê kan word:

'n Nuwe Belofte

Ek gee vandag opnuut my hart aan jou en begeer om steeds na al die tyd my lewe met jou te deel.

Ek wil jou koester en waardeer met my woorde - jou opbou met elke aanraking, kyk en troeteling.

My kop wil ek draai, my kyk op jou rig - om meer van jou in te drink en steeds meer van jou te ken.

As ek seer spore in jou hart getrap het met my woorde, my afwesigheid of verdeelde prioriteite, wil ek regmaak met 'n toekomsplan van vreugde - 'n weer begin ... 'n oor begin.

Ek wil self deel wees van die olie om jou sielwonde te genees.

Ek maak van vandag af my geheime ook joune - en wil my diepste gedagtes met jou deel.

Sonder jou is my lewe leeg, my dag net half.

Jy's die fontein by wie ek wil drink - die een wat ek wil hê as maat - tot die dood ons bymekaarwees skei.

Daarom gee ek myself vandag opnuut aan jou om verbond te smaak soos God dit bedoel het vir ons huwelik.

Die meeste van julle weet: Trou is nie perdekoop nie.

Die teorie is maklik: 'Voor die troue kies jy die een wat jy liefhet en na die troue het jy die een lief wat jy gekies het', het ek iewers gelees. Ek kan nie meer onthou wie dit gesê het nie, maar dit het maklik genoeg geklink!

Intussen het ek ouer geword, 'n paar lewenslesse bygeleer en saam met 'n paar vriende en kollegas heelwat ander sogenaamde spreekwoorde of gesegdes oor die huwelik gehoor, voorbeelde gesien en agtergekom dat die praktyk dikwels 'n bietjie anders werk as die teorie.

Watter waar is en of dit altyd werk, is iets wat ek self nie kan beoordeel of evalueer nie. Wat ek wel waargeneem het, is die volgende paar dinge:

- **Liefde is 'n wilsbesluit** en kom nie vanself nie - dis harde werk!
- As jy nie 100% gee nie, kan jy nie verwag om 100% te kry nie. En selfs al gee jy 100%, is dit nog nie 'n waarborg dat jy dit gaan terugkry nie
- Jy kry eintlik nooit terug wat jy insit nie - terugkry moet ook nie die oorwegende rede wees vir wat jy doen nie
- As God nie van die begin af die fondament is waarop 'n huwelik gebou word nie, kan dit nie onbepaald hou nie
- Mense verskil en moet leer om aan te pas en toegewings te maak; wat soms baie moeiliker is as wat mens dink terwyl jy jonk en verlief is
- Meestal is dit baie harde werk om 'n huwelik gesond te hou, maar dit kan wel gedoen word
- Kinders mag nooit in 'n rusie tussen huweliksmaats ingesleep word nie. Selfs al het jy dringend iemand nodig om mee te praat, mag jy nie jou huweliksmaat se tekorte met jou kinders bespreek nie, want dit laat baie diep letsels
- Sorteër meningsverskille in die kamer agter 'n toe deur uit en nie voor 'n skare toeskouers nie - niemand anders stel belang in jou vuil wasgoed nie - en moenie kwaad gaan slaap nie!
- **Bid daagliks vir genade en wysheid en die beskerming van jou huwelik!**



Gesinne in Harmonie

Volume 19, November 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



The last wishes of Alexander the Great

On his death bed, Alexander summoned his generals and told them his three ultimate wishes:

1. The best doctors should carry his coffin
2. The wealth he has accumulated (money, gold, precious stones) should be scattered along the procession to the cemetery, and
3. His hands should be let loose, hanging outside the coffin for all to see!!

One of his generals who was surprised by these unusual requests asked Alexander to explain.

Here is what Alexander the Great had to say:

1. I want the best doctors to carry my coffin to demonstrate that, in the face of death, even the best doctors in the world have no power to heal;
2. I want the road to be covered with my treasure so that everybody sees that material wealth acquired on earth, stays on earth.
3. I want my hands to swing in the wind, so that people understand that we come to this world empty handed and we leave this world empty handed after the most precious treasure of all is exhausted, and that is TIME

We do not take to our grave any material wealth.

TIME is our most precious treasure because it is LIMITED.

We can produce more wealth, but we cannot produce more time.

When we give someone our time, we actually give a portion of our life that we will never take back.

Our time is our life!

So my dear, the best present that you can give to your family and friends, is your TIME.

May God grant you plenty of TIME and may you have the wisdom to give it away so that you can LIVE, LOVE and DIE in peace.

(received per email)

Ons Huisreëls:

1. Volg instruksies die eerste keer wat dit gegee word
2. Hou jou hande, voete, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself
3. Luister as iemand anders praat
4. Pas alle eiendom op
5. Tree altyd toepaslik op

- Anoniem -

Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Spreuke 3:5-6

They say that time changes things, but you actually have to change them yourself.

- Andy Warhol

Goeie maniere - ouderwets en uitgestorf?

As mens deesdae rondom jou kyk in restaurante, by die kantoor of in die winkelsentrums, is die swak gedrag van mense (volwassenes en kinders) opvallend; en wanneer iemand goeie maniere openbaar, staan ons eintlik verstom daarvoor.

Dink maar aan mense se gedrag in 'n restaurant - hulle kla oor alles, fluit of klap hul vingers vir die kelners, neem ongevraagd deel aan gesprekke by die tafels langsaan, of maak seker dat almal kan sien en hoor as hulle ontevrede is.

By die werk kry ons nou die dag 'n epos wat die dames op ons vloer aanspreek oor die badkamers wat nie netjies gelaat word nie... Wraggies, is dit nodig dat mense (veral dames) oor so iets aangespreek moet word? Kom ons raak weer sensitief oor goeie maniere en begin dit inoefen en uitleef! Dring weer daarop aan by jou kinders en wees 'n voorbeeld daarin.

Neem 'n slag 'n mooi bos blomme saam as jy vir ete genooi word - al is dit na jou beste vriendin se huis toe. Maak 'n slag weer die deur vir iemand oop of help iemand iets swaars dra. Onthou weer om 'asseblief' en 'dankie' te sê. Moenie met 'n mond vol kos praat nie. En wees betyds! Sit jou selfoon af as jy in 'n vergadering, by 'n ete, in die teater of in die kerk is. Moenie laat wees vir 'n afspraak of vergadering nie. Wees bedagsaam teenoor ander!

Om te weet wanneer om stil te bly, is meer waardevol as om die regte goed te sê.

- Anoniem

God is ons toevlug en ons krag; in nood is Hy gereed om te help.

Psalms 46:2

Always be a first-rate version of yourself, instead of a second-rate version of someone else.

- Judy Garland



Gesinne in Harmonie

Volume 19, November 2012
NG Gemeente, Rietfontein-Suid



Boekwurms

Jy is wat jy lees!
Leer dus jou kinders om te onderskei ook in dit wat hulle lees!

Fliekvlooië

Volledige Christelike resensies vir films is beskikbaar op:



<http://www.kids-in-mind.com/>

Bediening vir Diens

Kontak ons gerus!

Diensleier:

Peet Dorfling

Telefoonnommer:
084 464 7102

Epos:
peet@productivitysa.co.za

Besoek ons gemeente se webwerf en kyk onder

Die Koffiepot

As jy een gemis het, al die vorige uitgawes van Gesinne in Harmonie is daar

Uitstekende webtuiste vir hulp met Engels

Die meeste van julle weet dit seker, maar die Microsoft-gebruikers se rekenars is gewoonlik op 'South African English' gestel. Ek maak 'n punt daarvan om myne op 'English UK' te stel, want dan hoef ek nie bekommerd te wees dat daar 'n Amerikaanse spelling van 'n woord sal deurglip as ek redigering van dokumente doen nie.

Hier is nou 'n praktiese webtuiste waarop hulp met Engelse 'Grammar' aangebied word. Dit is geskoei op die Britse Engels wat ons in Suid-Afrika ook gebruik, nie op die Amerikaanse Engels nie.

<http://www.grammar-monster.com/index.html>

Kyk gerus hierna - hulle gee selfs die Amerikaanse spelling van woorde aan om die verskille uit te wys en jy kan dus jou kinders help om die regte (Britse) spelling van woorde uit te ken.

Daar is 'n hele klompie taallesse wat jy saam met jou kinders kan deurwerk en selfs vinnige toetse wat julle kan doen om te sien of julle dit reg verstaan het.

Vir die volwassenes: Daar is 'n hele deel oor 'words easily confused' in, wat jy selfs by die werk nuttig kan gebruik in jou korrespondensie, soos 'license' v 'licence'; 'accept v except', ens.

Veral in 'n land soos ons s'n waar die meeste mense Engels as tweede of selfs derde taal het, is so 'n webtuiste regtig baie handig.

Beste van alles: Daar is 'n gratis aflaaibare Engelse studiegids wat jy wettig mag aflaai!

Tieners wil gesels!

Ja, alle tieners het 'n behoefte om te gesels; al slaan die meeste van hulle hul kamerdeure toe, kruip vir ure daar weg en loop dikmond deur die huis. Sowat 78% van tieners wil graag met hul ouers praat, maar voel dat daar voortdurend mure tussen hulle en hul ouers is. Wat kan jy doen om dit aan te moedig?

Skep geleentheid waar julle gemaklik en sonder spanning kan kuier. **Luister werklik** as hulle met jou gesels en moenie gevolgtrekkings maak voordat hulle heeltemal uitgepraat is nie. **Gee ruimte vir hulle emosies** - die huis is tog die plek waar hulle heeltemal moet kan ontspan en hulself wees. **Bly kalm** - dikwels wil hulle net 'n klankbord hê en is hul uitbarstings nie 'n persoonlike aanval op jou nie, maar 'n uitlaatklep vir hul emosies. **Leer hulle om meningsverskille met respek** oor te dra. Wys hulle dat hulle belangriker as Facebook of TV is. **Bid vir en saam met hulle.**

Taakspan vir Senior Lidmate

Ds Dirk van Zyl

Telefoonnommer:
084 038 8993

Epos:
caddvanzyl@absamail.co.za

Taakspan vir Gesinne

Basson Geldenhuys

Telefoonnommer:
071 6488 656

Epos:
basson.geldenhuys@dpw.gov.za

Manne Oase

Pieter Malan

Telefoonnommer:
082 444 1112

Epos:
phmalan@gmail.com

Taakspan vir Vroue

Brenda Barnard

Telefoonnommer:
082 453 8421

Epos:
brendabarnard1@gmail.com

Taakspan vir Jeug

DJ Muller

Telefoonnommer:
083 420 2217

Epos:
djennadia@gmail.com

Taakspan vir Kinders

Lita Spreeth (Red.)

Telefoonnommer:
082 453 8421

Epos:
lspreeth@sars.gov.za